Verwysing: 20201123-9765
Lêerno.: 13/1/1
Navrae: Distriksassesseringskoördineerders

Omsendbrief: 0051/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings in die Algemene-onderwys-en-opleidings (AOO) -band

Kort opsomming: *Spesiale kondoneringsdispensasie vir leerders in graad 4–9 in 2020.*

Onderwerp: Spesiale kondoneringsdispensasie vir leerders in graad 4–9 in 2020

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Nasionale Assesseringsomsendbrief 07 van 2020, met 19 November 2020 as datum, aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verskaf, waarin duidelikheid oor die toepassing van die spesiale kondoneringsdispensasie vir leerders in graad 4–9 in 2020 weergegee word.

2. Skole moet hierdie omsendbrief saam met WKOD Omsendbrief 0018/2020 van 03 Augustus 2020 en Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut 0006/2020 van 14 Oktober 2020 lees.

3. Puntaanpassings en kondonerings word as spesiale dispensasies gebruik as teëwig vir moontlike hoë retensie van leerders in 'n akademiese jaar. Weens die COVID-19-pandemie se ontwrigtings en verwante leerverliese wat in 2020 ondervind is, sal die toepassing van die spesiale kondoneringsdispensasie vir graad 4−9 in werking gestel word.

4. Die spesiale dispensasie vir puntaanpassings en die Wiskundekondonering bou voort op die vereistes vir 2019 soos per Assesseringsbestuursminuut 0016/2019 van 06 November 2019, met die volgende wysigings:

4.1 Puntaanpassings en die Wiskundekondonering is op graad 4−9 van toepassing.

4.2 'n Puntaanpassing wat nie **5%** oorskry nie, moet in hoogstens **drie vakke** toegepas word.

4.3 **Vervolgens** moet 'n kondonering in Wiskunde toegepas word. Indien 'n leerder aan al die vereistes vir vordering (vir graad 4−6) of bevordering (vir graad 7−9) van een graad tot die volgende voldoen het, **maar hy/sy het nie 'n vlak 3 (40%) in Wiskunde behaal nie** en dus teruggehou moet word, moet sodanige leerder in Wiskunde gekondoneer word.

4.4 Indien leerders steeds nie voldoen het aan die vorderingsriglyne vir **graad 4–6** ná aanpassings in drie vakke toegepas is en 'n kondonering vir Wiskunde toegestaan is nie, kan leerders steeds **met ondersteuning bevorder word**, gegrond op die professionele oordeel van die prinsipaal en onderwysers by die skool.

5. In die geval van 2020 se graad 9-leerders, moet daar kennis geneem word dat leerders wat nie 'n minimum punt van 30% in Wiskunde behaal nie (nadat die kondonering goedgekeur is), steeds kan kies om Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid in graad 10 aan te bied.

6. WKOD Omsendbrief 0044/2020 van 18 November 2020 gee duidelikheid oor hoe om leerders wat nie skool sedert 01 Junie 2020 bygewoon het nie, te hanteer. Alle leerders wie se registrasie nie deur die skool ingetrek is nie en wat op die SOBIS-stelsel aanbly, moet uitslae kry. In die geval van afwesigheid betreffende 'n formele assessering, moet óf 'n geldige óf ongeldige afwesigheid vir die taak vasgelê word. 'n Geldige afwesigheid sal 'n herberekening van die finale punt tot gevolg hê, en 'n ongeldige afwesigheid sal 'n toekenning van 'n nulpunt vir 'n versuimde formele assesseringstaak tot gevolg hê.

7. Gewone vorderingsbeginsels oor leerders wat reeds in die fase agtergehou is, sal toegepas word.

8. Skole wat die WKOD se optekenings- en verslagdoeningsprogramme vir graad 4−9 gebruik, moet die proses wat hieronder beskryf word, volg:

8.1 Daar sal van skole verwag word om die nuwe **Weergawe 3**-programme van SOBIS vir graad 4−9 vanaf die eerste week in Desember 2020 af te laai en dan die punte van hulle bestaande lêers na die nuwe weergawe oor te dra.

8.2 Die aanpassings- sowel as die kondoneringsproses sal volkome geoutomatiseer wees sodra daar op die pers knoppie op die skedule geklik word.

8.3 Die skedule, verifikasieblad en verslagkaart sal outomaties die veranderinge vertoon.

9. Skole wat hul eie optekenings- en verslagdoeningsprogramme gebruik en leerders het wat deur hierdie spesiale kondoneringstelsel geraak sal word, moet die proses, soos beskryf in die aangehegte Nasionale Assesseringsomsendbrief 07 van 2020 (**Bylae A**), aan die einde van die jaar voltooi.

10. Die bygewerkte skedule, aanpassings- en herhalingslyste (*NRP*) en verifikasieblad moet uitgedruk en aan die einde van die jaar aan die kringbestuurder vir verifiëring voorgelê word.

11. Die bovermelde kondoneringsdispensasie verander geensins die vakprogramvereistes of die algehele vorderings-/bevorderingsvereistes vir graad 4−9 nie.

12. Let asseblief daarop dat die kondoneringsdispensasie en puntaanpassings in 2020 vir graad 4−9 van toepassing is.

13. Prinsipale van skole wat graad 4−9 bied, word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief met alle onderwysers te deel.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-12-04